Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2019

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I**

**NASIENRIGLYNE**

Tyd: 2½ uur 100 punte

---

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiserings-vergadering, daar verskillende interpretasies mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.**

---

IEB Copyright © 2019 

## AFDELING A LEESBEGRIP

- **Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.**
- **Sou die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk).**
- **Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Die rede / motivering verdien die punt.**
- **Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek MITS die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.**
- **Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN / OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeusevrae.**

## VRAAG 1 INTERNETARTIKELS

1.1 Enkellopende (Spelling moet korrek wees)

1.2 "sê sy daaglikse lewe gaan nie veel verander nie." (paragraaf 1 – daaglikse lewe is belangrik)

1.3 1.3.1 Onwaar

1.3.2 "Gemiddeld" (spelling moet korrek wees)

ÉcoleBooks

1.4 Om sy geld te gaan haal / om uit te vind hoeveel geld hy gewen het. (handelaar het nie soveel geld om uit te betaal nie / Dit is veiliger / Dis 'n groot bedrag wat hy gewen het / dit is 'n groot bedrag wat uitbetaal moet word / Hy moet sy ID neem om geverifieer te word.

1.5
- na sy afgetrede pa om te sien (nie net "omsien" / nie – "sien sy pa" nie)
- sy uitstaande skuld betaal
- reis
- tyd in die buitelug deurbring (nie "dit waarvoor hy die liefste is" nie – spesifiseer waarvoor hy lief is.)

(Enige 2 antwoorde)

1.6 1.6.1 Ooreenkoms: albei het 'n lotery gewen / albei is enkellopend (albei het nie besef (nie geglo) hulle het gewen nie / Albei het lank gevat om hulle geld te gaan eis / albei moes na die kantoor toe gaan / Albei is nou baie ryk / Albei is nou miljoenêrs)

1.6.2 Verskillende manier hanteer: Die man van Kaapstad het net sy pa vertel / het net een mens vertel. (Man van Kaapstad het dit geheim gehou – het niemand behalwe sy pa vertel nie / vertrou net sy pa).
Die man van Soweto het sy buurman en 'n hele klomp familielede vertel / het baie mense vertel. (nie omgegee wie daarvan weet nie / vertrou ander mense ook) NIE: niemand en almal nie / al sy familie nie.


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## VRAAG 2 ADVERTENSIE

2.1 Sy glimlag / haar oë is groot / sy hou haar duim in die lug. Aksie: oë is wawyd oop / baie oop / sy lag / sy rek haar oë / wenkbroue opgetrek (nie op nie) (Enige 2)

2.2 Jy kan as Afrikaanskampioen gekroon word **EN** jy kan 'n paar pryse wen / kan 'n prys wen.

2.3 C of antwoord uitgeskryf: Kom wys hoe goed jy Afrikaans kan praat

2.4 2.4.1 Waar

2.4.2 "elke dag"

2.5 Die wenner van die kompetisie word bekendgemaak en dis internasionale moedertaaldag.

2.6 **Bel** haar / **skakel** haar. Daar moet 'n werkwoord wees: of kontak per telefoon / landlyn.

## VRAAG 3

3.1 Sy het pakkies met kos / kruideniersware / geskenke / inkopies / sakke in haar arms.

ÉcoleBooks

3.2 Hy luister na musiek / liedjies.

3.3 Die woorde raak al hoe vetter / groter gedruk **OF** daar is uitroeptekens **OF** die ma se mond is groter oop, dit lyk of sy skree. Ma beweeg nader aan Jeremy / ma se oë raak wyer oop / woorde verander van swart na rooi / spraakborrels word groter (nie hoofletters nie)
(Enige 2 van die moontlikhede)

3.4 3.4.1 'n Stoel / gemakstoel / leunstoel / enkelbank / (nie bank / rusbank nie) sitkamerstoel

3.4.2 Die vloer / grond / mat / tapyt / boude / rug

3.5 Sy oë is groot / die oorfone het uit sy ore geval / sy mond is oop / wenkbroue is opgetrek of gelig / baie leestekens.

3.6 Hy het **oorfone / musiek** in sy ore.

3.7 Kwaad / woedend / boos / geïrriteerd / gefrustreerd / kwaai / ontsteld. Nie geskok, verbaas of mal nie)

3.8 Sy rug / elmboë / knieë / arms / boude (nie voete nie)

IEB Copyright © 2019

## AFDELING B OPSOMMING

**Die volgende moet in ag geneem word tydens assessering:**

- **Sinne moet van 1–5 genommer word, geen kolpunte mag gebruik word nie.**
- **'n Sin moet 'n werkwoord bevat.**
- **Elke punt / sin bevat twee feite. Dus tel elke sin 2 punte. As die opgesomde sin dus gedeeltelik korrek is, word 1 punt toegeken.**
- **Een feit mag nie oor twee punte strek nie.**
- **Voegwoorde moet gebruik word om twee feite te verbind.**
- **Een van die dele van die feit / sin kan 'n infinitief wees.**
- **Indien al vyf sinne korrek is, behaal die kandidaat 10 uit 10.**
- **Indien kandidaat twee sinne per punt skryf, word slegs eerste sin gemerk.**
- **Sinne mag nie direk uit teks aangehaal word nie, maar kandidaat mag woorde / frases uit teks gebruik.**
- **Taalfoute word nie meer gepenaliseer nie. Elke sin moet egter die betrokke feit of hoofgedagte korrek kommunikeer.**
- **Spelfoute word nie gepenaliseer nie tensy dit betekenis beïnvloed.**
- **Minus ½ vir elke direkte aanhaling, dus 2½ in totaal.**
- **Minus 1 as kandidaat nie woordtelling aandui nie.**
- **Minus 1 as daar minder as 60 of meer as 80 woorde is**
- **Lidwoorde ('n, die) tel as deel van die woordtelling.**
- **Minus 1 as die aantal woorde nie korrek neergeskryf is nie.**
- **Beplanning MOET doodgetrek word.**

EcoleBooks

## VRAAG 4 WENKE (advies) OM 'N GOEIE TOESPRAAK TE SKRYF

1. Skryf 'n goeie inleiding om jou gehoor se aandag te trek.

2. Kondig jou onderwerp (in die tweede paragraaf) aan sodat almal weet waaroor jou toespraak gaan.

3. Kommunikeer jou argumente / gebruik 3 argumente duidelik sodat jou toespraak struktuur kan hê.

4. Vind goeie bronne om mense te oortuig om jou argumente te glo.

5. Gee 'n samevatting van jou argumente om mense te herinner (ook soos dink / onthou / te laat dink) wat jy gesê het.

IEB Copyright © 2019

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**AFDELING C POËSIE**

**VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG**

5.1 5.1.1 'n Ouer persoon / dalk vennoot / vriend van pa / iemand ouer as seun / familievriend, onderwyser, 'n Meneer, sielkundige

5.1.2 Die spreker / 'n jonger persoon / seun van die eienaar van die besigheid. Die seun, tienerseun, jongeheer, seun van die pa.

5.2 Die spreker gaan eendag dieselfde werk / beroep / loopbaan / besigheidsman / sakeman as sy pa doen.

5.3 Beklemtoon die feit dat die spreker 'n jonger persoon is / dis soos tieners praat / hy is aspris / arrogant, rebels,: hy wil nie soos die ouer generasie klink nie / wil die ouer mense irriteer / die meeste finansiële terme word in Engels gebruik / is moeilik om te vertaal. Dui op informele trant, praatstyl. Tienerleser kan so met spreker identifiseer, tienertaal.

5.4 Om sy geld in te bêre / te hou, te sit. Dit is vir sy geld.
(Enige een van bogenoemde)

5.5 In die gimnasium / gim, op die sportveld.

5.6 Bates vir die pa: is sy finansiële bates / aandele / eiendomme, besittings, sy besigheid, geld.
Bates vir die seun: sy lyf / spiere, voorkoms, liggaam.

5.7 "bloeddruk opwaarts neig" "hulle bloeddruk opwaarts"

5.8 B

**VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG**

6.1 Susan Boyle

6.2 Sy is net 'n nommer / niemand ken haar nie / baie mense het vir die kompetisie ingeskryf.
Nie 'n identiteit nie / skraal kans om te wen / dit dui dat dit haar eintlike nommer in die kompetisie was.

6.3 C (vergelyking)

6.4 **S**imon **s**pot, **s**kares jou uit / vertelsel van

6.5 morbied / somber / vernederend. (Die eerste strofe is oor haar vernedering) en hoopvol / die tweede strofe is oor haar triomf.

'n Gevoel van … / spottend teenoor triomf / gespanne teenoor ontspanne of geskok / skepties teenoor ongeloof / angstig teenoor verlig (stel albei kante).

IEB Copyright © 2019

6.6 6.6.1 Verhooglig / kollig / kalklig / die lig wat op die verhoog / deelnemer skyn

6.6.2 Hulle dink sy is vervelig / oninteressant / bekommerd sy gaan 'n gek van haarself maak / enige kritiek op haar voorkoms

6.7 Die gedig se boodskap is dat jy nie iemand op hul uiterlike / voorkoms moet oordeel nie. Die skare en beoordelaars het Susan geoordeel voordat hulle haar hoor sing het / moenie oordeel voordat …

6.8 Die beoordelaars. / gehoor / skare / toeskouers

**VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG**

7.1 Eerste persoonspreker / ek-spreker / -verteller.

7.2 7.2.1 Haar tong / die tong / spreker se tong.
(Nie net tong nie / nie spreker se woorde nie.)

7.2.2 Sy maak mense seer / ongelukkig.
Negatiewe effek op die spreker se lewe / negatiewe betrekking op die spreker se lewe / maak spreker miserabel / bring haar tot 'n val.

7.2.3 Personifikasie

ÉcoleBooks

7.3 Verander goed in sleg. (Nie "My tong klap mense" nie.)

7.4 Paarrym (Spelling tel nie.) (Nie ABBA nie.)

7.5 Daarom skryf ek eerder alles neer. (Slegs reël 9.)

7.6 Sy voel sy het 'n boodskap om oor te dra / sy wil vir die wêreld wys: sy is hier. / Sy skryf eerder haar woorde neer om te verhoed / keer om iemand seer te maak. Sy skryf neer voor haar tong haar woorde kan verander.

7.7 Dit wys dat 'n verduideliking volg.
Meer inligting volg / aan te dui dat wat gaan volg belangrik is / beklemtoon haar woorde of spreker se woorde wat volg.

7.8 Koeplet (Spelling tel nie – **K**ouplet word aanvaar maar nié **C**ouplet nie)

IEB Copyright © 2019

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## AFDELING D TAALVAARDIGHEID

- **Sin is reg of verkeerd.**
- **Geen leestekens word gepenaliseer.**

## VRAAG 8 SINSTRUKTURE

8.1 Die kinders wat in die Wetenskapklas sit, luister na Meester.
Die kinders wat na Meester luister, sit in die Wetenskapklas.

8.2 Meester beplan elke jaar baie eksperimente.

8.3 Meester behoort sy eksperimente voor die les te oefen.
Meester behoort voor die les sy eksperimente te oefen.

8.4 Hy doen baie eksperimente, daarom sal Meester / hy baie versigtig wees.

8.5 Meester vra vir die klas of hy die rooi vloeistof by die geel vloeistof moet gooi.

8.6 Verlede week het Meester besluit om nie die eksperiment te doen nie.

8.7 Nee, Meester / hy (ek=X) het nie meer eksperimente om vandag te wys nie.

8.8 Volgende keer sal die studente opgewonde wees en sal Meester met die eksperimente help.

8.9 Gister wou die student hulle ore toehou TOE Meester sy eksperimente gedoen het.

8.10 Alhoewel die student Meester se les geniet, maak sy eksperimente hom bang.
Alhoewel Meester / sy eksperimente hom bangmaak, geniet die student Meester se les.

8.11 Die student kan deur Meester gewys word om gevaarlike eksperimente te doen.

IEB Copyright © 2019

## VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

**Geen spelfoute word aanvaar nie**

9.1 swaarder ½

9.2 Vr. ½

9.3 meeste ½

9.4 asseblief ½

9.5 oë ½

9.6 glo ½

9.7 paadjie ½

9.8 mammas ½

9.9 wat ½

9.10 ou ½

9.11 moeilik ½

9.12 bloedjonk ½ (As jy pen tussen twee woorde kan deurtrek, is dit verkeerd.)

9.13 konsentreer ½

9.14 geskokte ½

9.15 weet ½

9.16 hom ½

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

- **Daar sal vetgedrukte woorde by elke vraag wees.**
- **Kandidate moet die vetgedrukte woorde in reaksie / gevoel omskryf. Gegewe woord mag nie gebruik word nie.**
- **Spelling word nie gepenaliseer tensy betekenisverandering plaasvind nie.**
- **By elke sin moet 'n akkurate woordtelling gegee word.**
- **2 × ½ = inhoud; 2 × ½ = taal**
- **Minus ½ per tipe taalfout per Vraag (10.1 / 10.2, ens.) in Kommunikasievraag.**
- **Kandidaat mag meer as een sin skryf solank hulle by woordtelling hou.**
- **Indien taal korrek is, maar inhoud verkeerd kan kandidaat nog punt vir taal kry.**
- **Direkte rede is 'n vereiste.**
- **Kandidate moet by voorgeskrewe lengte hou.**
- **Geen ENGELSE woorde sal as korrek aanvaar word nie. Ons hou Engelse woorde toe, en lees dit dan so. Meestal beteken dit dan 0 vir INHOUD.**
- **Minus halfpunt per respons wat minder as 15 of meer as 20 woorde is.**

10.1 Ek moet nou besluit oor wat ek volgende jaar gaan doen. Kan jy my asseblief help met hierdie groot besluit?
MOET 'N VRAAG WEES waarin hulp / raad / opsies gevra word. Dit moet die MEISIE wees wat praat.

ÉcoleBooks

Taal: 1
Inhoud: 1

10.2 Gelukkig het ek klaar besluit. Dalk moet jy op 'n paar universiteite se webwerwe gaan kyk.
Enige RAAD OF ADVIES oor die lewe na skool – moet voorstelle maak. Nie net oor homself praat nie.

Taal: 1
Inhoud: 1

10.3 O aarde, ek is so jammer. Vergewe my asseblief dat ek nooit jou boek teruggebring het nie.
Uitdrukking / woorde soos "ek is jammer daaroor / jammer dat ek dit so lank gehad het ..."

Taal: 1
Inhoud: 1

IEB Copyright © 2019

10.4 Daar is 'n partytjie vanaand. Jy moet saam met my kom. Dit gaan groot pret wees.
Hier word halfpunt vir UITNODIGING gegee, maar daar moet ook 'n REDE gegee word (OORTUIG / OORREED).

Taal: 1
Inhoud: 1

10.5 Jippie julle! Skool is verby! Ons hoef nooit weer hierdie klere aan te trek nie.
HOERA! = KORREK
Ek is so GELUKKIG dat ek vir altyd klaar met skool is!

Taal: 1
Inhoud: 1

**Totaal: 100 punte**

ÉcoleBooks

IEB Copyright © 2019
DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM